

## GESKIEDENIS EN EKONOMIE

**DJ van Zyl**  
*Universiteit van Stellenbosch*

*In method ... the economic historian ... is linked to history, in general purpose to all the social sciences, but in origin and specific objective, the understanding of man in economic life, he is closest to economics. (Edwin F Gay)*

*Economic change is ... the first great theme of the economic historian. It covers all the transformations in the distribution of their resources which men think it necessary to make, whether privately or publicly, whether in peace or war, whether in time of the rise or the fall of civilizations. (W.H.B. Court)*

Die verhouding tussen geskiedenis en ekonomie het 'n historiese ontwikkeling ondergaan wat saamhang met die verandering van hulle onderskeie objekte en metodes.<sup>1</sup> Daarbenewens het ekonomiese geskiedenis as 'n afsonderlike kennis- en oorgangsgebied tussen dié twee wetenskappe ontwikkel waarop historici en ekonnele werksaam is.<sup>2</sup>

Hierdie oorgangsgebied het 'n eie, alhoewel vaag gedefinieerde, selfstandige objek en metode ontwikkel ten opsigte waarvan daar sterk verskille tussen historici en ekonnele aanwesig is.<sup>3</sup> Nogtans dra hierdie interdissiplinêre samewerking, ten spyte van die oënskynlike onoorbrugbare verskille, veel by tot die bevragting van geskiedskrywing in die Westerse wêreld,<sup>4</sup> ook in Suid-Afrika, alhoewel ekonomiese geskiedskrywing alhier nie so aktief beoefen word nie.<sup>5</sup>

Die plek wat ekonomiese geskiedenis in geskiedenis en ekonomie inneem, het 'n ontwikkeling ondergaan wat ten nouste saamhang met die ontwikkeling van dié twee dissiplines tot selfstandige sosiale wetenskappe. In elk geval vervul ekonomiese geskiedenis in beide dié wetenskappe 'n heel ander funksie ooreenkomsdig hulle objekte en metodes.

Wat die ontwikkeling van die objek en metode in die wetenskap van geskiedenis in die tydperk 1825 – 1980 betref, vergelyk die pas verskene artikel van FA van Jaarsveld, "Objek en metode in die wetenskap van die geskiedenis, 1825 – 1980", in *Historia*, jaargang 27, Mei 1982, nr. 1, pp. 14 – 46. Op grond van die deeglike wyse waarop die onderwerp hier behandel is, word in hierdie artikel slegs in breë trekke verwys na die ontwikkeling van die objek en metode in die wetenskap van geskiedenis, en slegs in soverre dit betrek die plek wat ekonomiese geskiedenis daarin ingeneem het.

2. BH Slicher van Bath, "Theorie en praktijk in de economische en sociale geschiedenis", in A.A.G. *Bijdragen* 14, Wageningen: Afdeling Agrarische geschiedenis, Landbouwhogeschool, 1967, pp. 122 – 125.
3. WHB Court, "Economic history", in HPR Finberg (ed.): *Approaches to history* (London: Routledge & Kegan Paul, 1962), p. 17.
4. JW Thompson and BJ Holm, *A history of historical writing*, II (New York: The Macmillan Company, fifth printing, 1962), p. 438.
5. DJ van Zyl, "The contribution of South African historians to the economic history of South Africa: a historiographical survey" (paper prepared for the Economic History Conference, held in Durban, 22 – 25 July, 1980).

## Die plek van ekonomiese geskiedenis in die geskiedwetenskap

Tot die agtende eeu was die geskiedbeoefening nog nie 'n universele of selfstandige wetenskap nie, maar 'n aanhangsel van retorika. Geskiedskrywers het hulle toe veral op staatkundige geskiedenis toegelê, altans in soverre die profane verlede die objek van ondersoek was. Ekonomie is op daardie stadium nie as 'n belangrike aspek van die samelewing beskou nie. Wanneer die ekonomiese faset in die staatkundige lewe wel aandag gekry het, het dit geskied met die oog op die bevestiging of die vergroting van die rykdom en aldus die mag van die staat. So het die merkantilisme in die eerste plek die politiek gedien. Skrywers voor 1800 wat hulle met ekonomiese aspekte van die verlede besig gehou het, het dit toevallig gedoen en dan net wanneer dit om een of ander rede die aandag sterk getrek het.<sup>6</sup>

Verskeie faktore het in die neëntiende eeu daar toe gelei dat geskiedenis tot 'n selfstandige wetenskap gegroeи het. Dit was ook bepalend met betrekking tot die plek wat ekonomiese geskiedenis in die geskiedwetenskap ingeneem het.

Die Romantiek was regstreeks verantwoordelik vir die totstandkoming van geskiedenis as afsonderlike dissipline, maar dit sou die ontwikkeling van die filologies-kritiese metode deur Barthold Niebuhr en Leopold von Ranke wees, wat werklik geskiedenis as wetenskap sy beslag gegee het.<sup>7</sup> Deur veral Ranke se geskiedmetode is geskiedenis ontwikkel tot 'n hermeneutiese geesteswetenskap wat volgens die individualiserende verstaansmetode te werk gaan.<sup>8</sup>

Die Historisme, wat daardeur gekenmerk word dat dit die staat as doel op sigself stel, en klem lê op die individualiteits- en die genetiese of ontwikkelingsbegrip, het primêr Ranke se objek en metode bepaal. Die tipiese objekte van Ranke en sy volgelinge was derhalwe die staat, politiek, diplomatieke betrekkinge, oorlog en historiese persoonlikhede.<sup>9</sup>

Die geskiedmetode van Ranke en sy volgelinge het groot navolging dwarsdeur die Westerse wêreld, ook Suid-Afrika, gevind. Geskiedenis het as gevolg daarvan hoë aansien geniet en is beskou as die "koningin" van die geesteswetenskappe.<sup>10</sup>

Die feit dat die politieke geskiedenis die grondvorm van die geskiedwetenskap geword het en verhef is tot die "algemene" geskiedenis het die objek van historiese studie vereng en vereensydig.<sup>11</sup> Die lewe van die massa, die algemene sosiale, ekonomiese en tegniese toestande en ander lewensterreine is grootliks geïgnoreer. Daarbenewens het historici in die Rankeaanse tradisie slegs die geskiedenis bestudeer om die geskiede-

WJ Wieringa, *De economische geschiedenis als aspect van de wetenschap der geschiedenis* (Groningen: JB Wolters, 1951), p.5.

P de Klerk, "Geskiedeniswetenskap", in *Wetenskaplike bydraes van die P.U. vir C.H.O.*, Reeks A: Geesteswetenskappe, nr. 22, 1976, p.5.

8. FA van Jaarsveld, "Tematic en metodiek van die historiese industrialisering navorsing", in *Die evolusie van apartheid en ander geskiedkundige opstelle* (Kaapstad: Tafelberg, 1979), pp.126–127; GG Iggers, *New Directions in European Historiography* (Middletown, Connecticut: Wesleyan University Press, 1975), pp.17,19; FA van Jaarsveld, "Objek en metode in die wetenskap van die geskiedenis", 1825 – 1980, in *Historia*, jaargang 27, Mei 1982, p.18.

10. FA van Jaarsveld, *Westerse Historiografie en Geskiedenisfilosofie* (Pretoria en Kaapstad: HAUM, 1980), pp.17 – 18, 32; FA van Jaarsveld, "Tematic en metodiek van die historiese industrialisering navorsing", in *Die evolusie van apartheid en ander geskiedkundige opstelle* (Kaapstad: Tafelberg, 1979), pp.126 – 127.

FA van Jaarsveld, "Objek en metode in die wetenskap van die geskiedenis, 1825 – 1980", in *Historia*, jaargang 27, Mei 1982, p.20.

nis as geskiedenis te ken en nie om uit die verlede kennis oor byvoorbeeld ekonomiese stelsels en samelewingsverhoudinge as sodanig te vorm nie.<sup>12</sup>

Teen die einde van die neëntiende eeu het daar egter 'n stryd om die objek en metode van geskiedenis in Duitsland ontwikkel wat die veld van ondersoek verbreed het. Positiviste en kultuurhistorici het historici bewus gemaak van die feit dat daar ook ander lewensgebiede buite die staat om bestaan wat verdien om bestudeer te word waaronder kultuur, ekonomie en ander lewensterreine. In die twintigste eeu het die nuwe tegnologies-industrieel-stedelike samelewing al hoe meer aandag van historici gevra vanweë die sosiale, ekonomiese en kulturele veranderinge wat dit in die Westerse samelewing tot stand gebring het. Dit het meegebring dat die politiek en groot individue as hoofstudieterrein van die geskiedenis verdring is deur samelewings- en ekonomiese geskiedenis wat tans op die voorgrond van historiese navorsing staan.<sup>13</sup>

In toenemende mate het historici in die twintigste eeu dus hul aandag aan onder meer ekonomiese faktore in die geskiedenis gegee ten einde die mens en die gemeenskap se verlede te verklaar. Die opvatting het ontstaan dat die politieke handeling nie verstaan kan word sonder om sosiale, ekonomiese en geestesfaktore in ag te neem nie. Die mens se gedrag moet dus verklaar word in die raamwerk van die strukture waarbinne dit plaasvind en by die ontleding van bowe-individuale sosiale prosesse en strukture van die moderne samelewing speel ekonomiese faktore vanselfsprekend 'n belangrike rol.<sup>14</sup>

Hierdie nuwe benadering in die geskiedenis, wat veral deur die Franse Annalesskool gevolg word, vereis dat die metode van die geskiedwetenskap aangepas moet word: die hermeneutiese metode wat unieke geskiedenis beskryf, moet gedeeltelik vervang of aangevul word met 'n meer analitiese benadering wat na historiese verklaring met behulp van generalisasie soek. Daarom het die moderne geskiedwetenskap nader aan die ander sosiale wetenskappe beweg en maak hy gebruik van hulle teoretiese metodes, soos generalisasie, kwantifisering en vergelykende metodes.<sup>15</sup>

### **Die plek van ekonomiese geskiedenis in die tradisionele ekonomiese skole**

Net soos in die ontwikkeling van die geskiedwetenskap daar verskillende klemme geplaas is op die ekonomiese aspekte, het tradisionele ekonomiese skole verskillende vertolkings gehad oor welke plek en belangrikheid historiese aspekte in dié wetenskap moet inneem.

Ekonomie is 'n betreklike jong wetenskap wat maar eers met die verskyning van Adam Smith se *Wealth of Nations* in 1776<sup>16</sup> as wetenskap vorm begin kry het.<sup>17</sup> Vir Smith gaan dit in die ekonomie veral om die verhoging van die welvaart van die individue en die gemeenskap. Hiervolgens behoort net die produksieteorie tot die ekonomie-

- 
- 12. P de Klerk, *op. cit.*, p.5.
  - 13. FA van Jaarsveld, *Westerse Historiografie en Geskiedenisfilosofie* (Pretoria en Kaapstad: HAUM, 1980), pp.32–33,36; HE Barnes, *A history of historical writing* (New York: Dover Publications, Inc., Second revised edition, 1963), pp.294–295.
  - 14. FA van Jaarsveld, "Objek en metode in die wetenskap van die geskiedenis, 1825 – 1980", in *Historia*, jaargang 27, Mei 1982, pp.21,25.
  - 15. FA van Jaarsveld, "Wat is sosiale en samelewingsgeskiedenis?" in *Wie en wat is die Afrikaner?* (Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Bpk., 1981), pp.124–128.  
CJ Bullock (ed.), *An inquiry into the nature and causes of the Wealth of Nations by Adam Smith* (New York: The Harvard Classics: PF Collier & Son Company, 1909).
  - PA Samuelson, *Economics: An Introductory Analysis* (New York, Toronto and London: McGraw-Hill Company, Inc., Fourth edition, 1958), p.784.

se studieveld, d.w.s. welke kragte die vergroting van die produksie bepaal. Daar is egter gou deur ekonome ingesien dat die produksieteorie te eng is en die verdeling van die nasionale welvaart is as 'n essensiële gedeelte tot die teorie bygevoeg. As 'n verdere ontwikkeling het die ekonomie se objek verbreed totdat dit vandag gedefinieer kan word as 'n studie van die wyse waarop skaars produksiefaktore wat alternatiewe gebruiks kan word om veelvoudige behoeftes te bevredig.<sup>18</sup>

Wat die gebruik van geskiedenis in ekonomie veral in die neëntiende eeu betref, kan twee benaderingswyses onderskei word. Eerstens is daar die suiwer ekonomiese benadering tot verklaring van die ekonomie wat die klassieke ekonomiese skool voorgestaan het. Die voorstanders van dié metode se opvatting is dat die studie van die ekonomie slegs met die huidige ekonomiese werklikheid te doen het. Dit kan dus vir hierdie siening van die ekonomie slegs om ekonomiese beginsels gaan wat beteken dat dié metode slegs uit abstraksie en deduksie bestaan. Daar word van sekere ekonomiese aannames uitgegaan op grond waarvan 'n ideaaltipiese ekonomiese model opgebou word. Die ekonomie kan gevvolglik volgens ideaaltipiese modelle, d.w.s. volgens vaste ekonomiese wette, verklaar word wat van vaste, onveranderlike aksiomas uitgaan. Volgens dié beskouing kan die verlede slegs van nut wees in soverre die huidige ekonomiese werklikheid ooreenkoms met 'n historiese situasie waaruit dan moontlike ekonomiese gedragslyne vir die hede afgelei kan word.<sup>19</sup> Coleman stel dit soos volg: "...economics is essentially a study concerned with the past only for the purpose of the future. In this sense economic history as past economics plays the subordinate but essential role of helping economics to advance our scientifically based knowledge of how present economics work so that our governments can use that knowledge, according to their own political (and therefore moral) judgments. From economic history, constructed in this way and viewed in this light, there must be 'lessons of history'; otherwise it has no point — save as an educationally valuable intellectual exercise".<sup>20</sup>

Hierdie benaderingswyse skiet tekort omdat sy ideaaltipiese modelle nie die veranderlikheid van die ekonomiese objek in ag neem nie en aldus nie praktykverklarend is nie. Geskiedkundige faktore, en veral nie-ekonomiese invloede wat op die ekonomiese inwerk en ingewerk het, het die stelsel drasties verander soos byvoorbeeld die groot depressie, en die stygende lewenstandaard en gepaardgaande sosiaal-kulturele veranderinge in die twintig- en dertigerjare van hierdie eeu getuig.<sup>21</sup>

In reaksie teen die metode van abstraksie en eensydige deduksie was die benadering van die sogenaamde historiese skool, waarna later weer verwys sal word, dat die ekonomiese geskiedenis (en dus ook die algemene geskiedenis) die basiswetenskap vorm waarop die ekonomiese wetenskap gebou word. Die skool se metode is gerig op 'n noukeurige waarneming en ontleding van die ekonomiese werklikheid met opklimming uit die werklikheid langs die weg van induksie na algemeen geldende waarhede. Dit beteken dat die verlede se organiese ontwikkelingsproses na die hede toe bestudeer word om sodoende die hede te verklaar. Hierdie opvatting spruit voort uit die geestestroming van die Romantiek, naamlik dat daar in die geskiedenis 'n geheime wysheid en 'n verborge wetmatigheid opgesluit is sodat die instellings wat daarin ontwikkel, onaantastbaar word. Die idee het gevvolglik posgevat dat die bestudering van

18. SJ Terreblanche, *Die Wording van die Westerse Ekonomie* (Pretoria: Academica, tweede druk, 1982), p.5.

19. CH Boshoff, "Ekonomie", in *Wetenskaplike bydraes van die P.U. vir C.H.O.*, Reeks A: Geesteswetenskappe, nr. 22, 1976, p.5.

20. DC Coleman. *What has happened to Economic History?* (Cambridge: University Press, 1972), p.19.

21. WJ Wieringa, *op. cit.*, p.16; CH Boshoff, *op. cit.*, pp.86–88.

die instellings of organisasiewyses wat uit die geskiedenis ontstaan, telkens weer vir 'n sekere praktiese vormgewing van byvoorbeeld die ekonomie verantwoordelik is en dat dit noodsaaklik is vir die verstaan van die ekonomiese hede.<sup>22</sup>

Volgens Boshoff is die hoofkritiek teen die historiese skool dat die opvatting van algemeen geldende historiese wette wat die ekonomie as't ware van buite beheer, die beginsel van soewereiniteit in eie kring, wat ook vir die ekonomie geld, misken. As 'n goeie voorbeeld van hierdie metode verwys hy na die Marxisme. Vir Marx het sy ekonomiese teorie om veel meer gegaan as 'n alternatiewe stelsel vir die kapitalisme: dit was 'n noodsaaklike onderdeel van die breër algemene verloop van die geskiedenis op pad na sy logiese eindbestemming. Vir hom het dit beteken dat alle instellings, dus ook die ekonomiese stelsels en ekonomiese stelsels wat daaruit voortvloeи, bepaal word deur die ontwikkelinge in die produksieverhoudinge. Boshoff verwerp hierdie eensydige siening wat deur die praktyk verkeerd bewys is, en kom tot die gevolgtrekking dat "...al sou ons geskiedkundig die verloop van die ekonomie sodanig kan analiseer tot by die sosialistiese heilstaat, kan hierdie metode vir ons weinig, indien enige, verklaring van die praktiese inhoud van die ekonomie van die sosialistiese heilstaat gee ... Die kern van die probleem ... is dat dit onmoontlik is om 'n duidelike insig in die wesenlike van die ekonomiese gebeure te verkry bloot deur direkte waarneming van die praktyk en om hierdie waarneming dan as permanent geldende wette te verabsouteer."<sup>23</sup>

### 3. Konflikte en samewerking tussen geskiedenis en ekonomie

Bogenoemde twee metodes het in die neëntiende eeu geleid tot 'n groot stryd tussen ekonomie en geskiedenis. Die belangrikste rede hiervoor is dat die sosiale wetenskappe, onder meer ekonomie, nog op 'n swak teoretiese basis berus het, nie oor voldoende empiriese materiaal beskik het nie en gevolelik hulle materiaal by uitstek aan die geskiedenis ontleen het. Daarteenoor het geskiedenis in die neëntiende eeu hoë aansien geniet en het historici stelling ingeneem teen die feit dat sosiale wetenskappe, onder meer ekonomie, daarop aanspraak gemaak het dat hulle die uitsluitlike verklaring vir die menslike handeling kan gee, wat hulle probeer doen het met behulp van reëls of wette en die opstel van strukture, tipes en ontwikkelingsprosesse. Daarbenewens is sterk gegeneraliseer en is voorkeur gegee aan monokousale verklarings. Die vernaamste besware van die kant van historici was dat die sosiale wetenskaplikes, onder meer ekonome, se gebruikmaking van materiaal uit die geskiedenis tot verkeerde interpretasies aanleiding gegee het. Bowendien, omdat die sosiale wetenskappe nog op soek was na die algemeen-geldende reëls of wette, is die historiese materiaal op allerlei wyses verwring om dit met die reëls of wette in ooreenstemming te bring. Ook is historiese materiaal selektief gebruik om binne die raamwerk van die betrokke sosiale wetenskap te pas.

Die willekeurige gebruik van historiese materiaal het by historici om verstaanbare redes verset uitgelok. By historici het dit huis daarom gegaan dat die feite so noukeurig as moontlik versamel moet word. Nadat dit plaasgevind het, sou die dokumente vir hulself spreek en gebaseer op die 'gesuiwerde' historiese materiaal sou die geskiedenisverhaal outomaties volg. Elke interpretasie deur die ondersoeker het 'n vervalsing van die 'objektiewe' dokument beteken. Dit het by historici 'n besondere voorliefde vir detail laat ontwikkel of wat genoem kan word mikro-geskiedenis. Ge-

---

CH Boshoff, *op. cit.*, pp.88–89.  
*Ibid.*, pp.90–91.

volglik het hulle uiters wantrouig gestaan teenoor die groot konstruksies met die daaraan verbonde willekeurige interpretasies van ekonomie en sosioloë.

In die twintigste eeu is die sosiale wetenskappe se teoretiese basis verbreed, die ondersoekterrein verbeter en het meer materiaal uit die eie tyd tot beskikking gekom. In die geval van ekonomie het wetenskaplikes as gevolg van hierdie ontwikkeling hulle al hoe meer van historiese materiaal gedistansieer en geleidelik 'n afkeer in geskiedenis getoon. Gedurende die jongste dekades het daar egter by ekonomie 'n sterk neiging ontstaan om meer belangstelling vir historiese ontwikkeling en 'n sin vir historiese perspektief te toon.<sup>24</sup>

Vandag word dit algemeen deur ekonomie besef dat sowel deduksie as induksie nodig is vir die uitbouing van die ekonomiese wetenskap. Praktiese of empiriese navorsing is huidiglik baie bevorder deurdat steeds meer statistiese gegewens oor al die ver- naamste terreine van die volkshuishouding deur amptelike statistiese dienste ingesamel word. Dit het daartoe bygedra dat ekonomiese teorieë in 'n groter mate as voorheen aan die werklikheid getoets kan word. Die twee spesiale rigtings in die algemene ekonomiese veld, naamlik die toegepaste ekonomie en ekonomiese geskiedenis, dien as nuttige aanvulling tot die meer abstrakte of suwer ekonomiese teorie en lei tot 'n verdieping van die insig in ekonomiese aangeleenthede. Eersgenoemde rigting het te doen met die verduideliking van teoretiese begrippe aan die hand van heersende statistiese gegewens, terwyl laasgenoemde die feitemateriaal in verband met gebeurtenisse in die verlede verwerk ten einde verklarings vir die opeenvolging van ekonomiese gebeurte- nisse te vind.<sup>25</sup>

Ekonomie het dus tot die besef gekom dat die ekonomiese aspek van die lewe nie geïsoleer is nie, maar een wat ten nouste vervleg is met ander aspekte van die mens en sy geesteslewe en met die feit dat die mens hom bewustelik oor die historiese (tyds)aspek van die lewe verantwoord. Gevolglik is ander sosiale wetenskappe, onder meer geskiedenis, vir die ekonoom onontbeerlik om 'n beter begrip te vorm van individue en groepe se optredes en keuses in die situasie van relatiewe skaarsheid.<sup>26</sup>

As gevolg van hierdie ontwikkeling het daar 'n noue verband tussen geskiedenis en ekonomie ontwikkel, maar in 'n bepaalde opsig. Die objek van geskiedenis is die menslike samelewing in sy historiese opsig, d.w.s. in verband met kultuurvorming. Die samelewing is essensieel vir die geskiedenis in soverre dit sy terrein uitmaak. Historiese handelinge is persoonlike handelinge, maar dan met betrekking tot die volk of die samelewingsverband. Daar is 'n noue verband tussen die historiese en sosiale verskynsels en tussen die bou van 'n kultuur en die bou van 'n sosiale orde deur menslike groepvorming. Die ekonomiese handeling geskied ten opsigte van die beskawing of kultuurvorming: dit is dus ook sosiale handelinge omdat hulle op 'n bepaalde wyse in sekere samelewings- of samewerkingsvorme gegiet word. Die objek van ekonomiese geskiedenis is dus nie net die ekonomiteitsnorm nie, maar ook die nie-ekonomiese historiese gebeure wat die sosiale struktuur mede-beïnvloed. Dit gaan nie daarom om geskiedenis by ekonomie te integrer ter verklaring van die volle werklikheid van die huidige kultursituasie nie (soos die historiese skool, by name Marx wou doen nie), maar net om die ekonomiese werklikheid en die voortgang daarvan meer volledig te verklaar.<sup>27</sup>

24. BH Slicher van Bath, *op. cit.*, pp.119 – 120.

25. CGW Schuman, DG Franzen en G de Kock, *Ekonomie, 'n inleidende studie* (Stellenbosch en Grahamstad: U.U.B., ongedateer), p.6.

26. SJ Terreblanche, *op. cit.*, p.7.

27. TP van der Kooy, *Het object der economische geschiedenis* (Amsterdam: Uitgeverij HJ Paris, 1948), pp.18 – 26; CH Boshoff, *op. cit.*, pp.91 – 93.

Net so afhanklik as ekonomie van geskiedenis as hulpwetenskap is, is geskiedenis op ekonomie in diesselfde oopsig aangewese. Die historikus kan nie ekonomiese faktore in die geskiedenis ignoreer nie omdat die mens van die verlede en hede, afgesien daarvan of daar 'n ekonomiese wetenskap bestaan al dan nie, ekonomiese besluite neem, ekonomiese voorspellings maak en aan verskeie vorms van ekonomiese organisasie deelneem. Die historikus word dus gedwing om welke tydperk hy ookal bestudeer, 'n basiese kennis van ekonomiese teorie te hê — 'n feit wat deur die meeste skrywers wat hulle met hierdie onderwerp besig hou, beklemtoon word.<sup>28</sup>

Die historikus sal gevvolglik voortdurend van ekonomie kennis moet 'leen' byvoorbeeld waar hy die kwantitatiewe gevolge van 'n oorlog wil bepaal, statistiese ontleding wil doen of tot generalisasies wil kom. Dit is byvoorbeeld ondenkbaar dat die historikus wat hom met die vraagstukke van die 20ste eeu besig hou, sonder kennis van die ekonomiese teorie verklarings kan gee vir byvoorbeeld die ineenstorting van die Wall Street-aandelebeurs in 1929, die wêreldshandel na 1945 of inflasioneerde toestande in die sewentigerjare. Selfs vir historici wat verkies om groot persoonlikhede wat in die ekonomiese wêreld groot opgang gemaak en invloed gehad het, te bestudeer, is kennis van ekonomiese teorie onontbeerlik.

Van die historikus kan aan die ander kant ook nie verwag word om alle kennis in verband met ekonomie in pag te hê nie — daarvoor stel sy eie wetenskap aan hom te veel eise t.o.v. arbeid en tyd. 'n Goeie werkswyse sou egter wees dat waar die historikus voor ingewikkelde ekonomiese vraagstukke te staan kom, hy voortdurend ekonne raadpleeg wat hom behulpsaam kan wees ten opsigte van die formulering van sekere vrae waaraan die historikus op eie stoom nie noodwendig aandag sou gegee het nie. 'n Groot voordeel vir die historikus van hierdie soort kontak met ekonomie, is dat die historikus met groter selfvertroue sy onderwerp kan bestudeer omdat hy weet dat sy benadering ook vir die ekonoom aanvaarbaar sal wees.<sup>29</sup>

### **Die objek van ekonomiese geskiedenis**

Van al die oorgangsgebiede tussen geskiedenis en die ander sosiale wetenskappe is die een tussen geskiedenis en ekonomie die belangrikste. Oorspronklik is ekonomiese geskiedenis van ander geschiedenis eerder deur inhoud as metodologie onderskei. Vandag het dit so ontwikkel dat W.H.B. Court daarna verwys as "...that part of history which requires a knowledge of economics for its full understanding".<sup>30</sup>

Omdat ekonomie sowel as historici op die gebied van ekonomiese geskiedenis werkzaam is, en omdat ekonomie en geskiedenis albei ontwikkelings ondergaan het met betrekking tot objek en metode, kan verwag word dat daar groot meningsverskille kan bestaan ten opsigte van die objek en metode van ekonomiese geskiedenis. Nêrens word dit beter weerspieël nie as in die 30 definisies oor ekonomiese geskiedenis wat B.H. Slicher van Bath byeengebring en samevattend omskryf het.<sup>31</sup>

Baie skrywers verwys in hulle definisies of omskrywings na die sentrale objek van

28. Vgl. bv. TLM Thurlings: "De taak en betekenis der moderne economische geschiedenis", in *De economist*, 95, 1947, p.34 voetnoot 17; WJ Ashley, "On the study of economic history", in NB Harte (ed.): *The study of economic history* (London: Frank Cass, 1971), pp.10 - 11; DC North, "The state of economic history", in *American economic review*, LV, May 1965, pp.86 - 87; Arthur Marwick, *The Nature of History* (London: Macmillan and Co. Ltd., 1970), p.113.

29. Arthur Marwick, *op. cit.*, pp.114 - 115.

30. WHB Court, *Scarcity and Choice in History* (London: Edward Arnold, 1970), p.151.

<sup>31</sup> BH Slicher van Bath, *op. cit.*, pp.197 - 206.

ekonomiese geskiedenis as die geskiedenis van die materiële of stoflike welvaart of soms ook die welvaartstrewe van die mensdom. W.J. Ashley definieer dit soos volg: "It asks what has been the material basis of social existence; how have the necessities and conveniences of human life been produced; by what organization has labor been provided and directed; how have the commodities thus produced been distributed; what have been the institutions resting on this direction and distribution; what changes have taken place in the methods of agriculture, of industry, of trade; can any intelligible development be traced; and, if so, has it been from worse to better."<sup>32</sup> Vir ander skrywers is die vernaamste objek die keuse tussen die veelheid van moontlikhede waarop skaars produksiefaktore aangewend kan word om veelvoudige behoeftes te bevredig.<sup>33</sup> J.D. Chambers stel dit soos volg in perspektief: "Economic historians ... make their contribution to the understanding of those aspects of the past which have an economic content, that is to say, that relate to the way men have satisfied their material wants through the administration of the means at their disposal ... most of the data of these studies will be of the kind with which economists are concerned ... but it will be equally obvious that the economic historian is concerned with the problems that lie outside this restricted framework, with problems that arise, for instance, when the economic ends of the individual come into conflict with those which the state in his wisdom may have designed for him."<sup>34</sup>

Alhoewel omrent alle outeurs na die sentrale objek van ekonomiese geskiedenis uitdruklik verwys as synde die materiële sy van die welvaartstrewe, is daar baie wat die klem elders plaas, byvoorbeeld op ekonomiese verhoudinge, ekonomiese ontwikkelinge, ekonomiese ervaring, ekonomiese aktiwiteit en die lewenstandaard.<sup>35</sup> Vir W.H.B. Court is ekonomiese keuse die sentrale objek van ekonomiese geskiedenis, en ekonomiese verandering die eerste groot tema van die ekonomiese historikus. Wat laasgenoemde betref, sê hy: "It covers all the transformations in the distribution of their resources which men think it necessary to make, whether privately or publicly, whether in peace or war, whether in time of the rise or the fall of civilizations."<sup>36</sup>

In die meeste definisies word aangegee deur wie die ekonomiese handeling verrig word. Twee opvattinge is hier te bemerk: die een denkriktig benadruk die feit dat die ekonomiese handeling deur die mens, die individu of die mensheid verrig word; ander skrywers brei dit uit tot die maatskappy of die maatskaplike instellinge. Die ander opvatting is dat die volk of die staat die belangrikste subjek van die ekonomiese handeling is.<sup>37</sup> Die opvatting dat die mens as subjek van ekonomiese handeling, en later die mens in sy verhouding tot die samelewings, beklemtoon word, is in ooreenstemming met die Engelse ekonomiese denke, terwyl die beklemtoning van die aandeel van die volk of staat aan Duitse ekonomie toe te skryf is.<sup>38</sup>

Wat die vorm van ekonomiese geskiedskrywing betref, gaan dit vir die meeste

32. WJ Ashley, "On the study of economic history", in NB Harte (ed.): *The study of economic history* (London: Frank Cass, 1971), pp.12 – 18.
33. EF Heckscher: "Quantitative measurement in economic history", in *The quarterly journal of economics*, LIII, 1939, p.167; LM Thurlings, *op. cit.*, pp.27 – 28, 32; WHB Court, "Economic history", in HPR Finberg (ed.): *Approaches to history* (London: Routledge & Kegan Paul, 1962), pp.19 – 20.
34. JD Chambers, "The place of economic history in historical studies", in NB Harte (ed.): *The study of Economic History* (London: Frank Cass, 1971), p.236.
35. BH Slicher van Bath, *op. cit.*, p.112.
36. WHB Court: *Scarcity and Choice in History* (London: Edward Arnold, 1970), p.158.
37. BH Slicher van Bath, *op. cit.*, pp.113 – 114.
38. JW Thompson and BJ Holm, *op. cit.*, p.429; BH Slicher van Bath, *op. cit.*, p.113.

outeurs om beskrywende geskiedskrywing; vir ander om die ontwikkelings- of genetiese geskiedskrywing en vir 'n derde groep is die soek na oorsaaklikheid die vernaamste taak vir die geskiedskrywer.<sup>39</sup>

Samevattend kan gesê word dat die definisies en omskrywings van ekonomiese geskiedenis aan die ekonomie ontleen is. Die invloed van ekonomiese teorie kan in elke definisie opgemerk word. In die meeste gevalle het oueurs volledig op die definisies van ekonomie gestaan waarvan die definisies vir ekonomiese geskiedenis afgelei is. Die historiese gegewe, die tydsdimensie, speel slegs 'n sekondêre rol.

Dit is duidelik dat, geoordel aan die groot getal uiteenlopende definisies oor die objek van ekonomiese geskiedenis, daar nie helderheid bestaan oor presies wat sy arbeidsterrein is en behoort te wees nie. In dié verband het J.W. Thompson sinies opgemerk: "Economic history presents a vast and confusing field of study. The confusion has been aggravated by abstract philosophy and partisan politics. As a battle-ground for the discontented historian and the perplexed economist, neither of whom is willing (or able) to delimit his science or define his objective, economic history has become an enormous receptacle for scattered materials and disjointed theories. To this day the economic historian has been unable to make up his mind whether he is an economist or an historian. He insists that he is neither, that he is both, that he is something else. But nobody knows exactly what he is, least of all the economic historian himself who emphatically does not wish to be considered an historian and is just as emphatically not an economist."<sup>40</sup>

Thompson oordryf, want ekonomiese geskiedenis sal vanselfsprekend verskillende aksente hê omdat dit as hulpwetenskap vir óf geskiedenis óf ekonomie kan dien en myns insiens behoort te dien. Die probleem ontstaan waar daar probeer word om 'n sentrale objek vir ekonomiese geskiedenis as 'n *afsonderlike discipline* te formuleer. Dit bevraagteken onmiddellik die doeltreffendheid van ekonomiese geskiedenis as 'n *afsonderlike* kennisgebied waarop nie hier ingegaan word nie. Die vrae wat eerder beantwoord moet word, is hóé geskiedenis en ekonomie bevrug is en kan word deur die akademiese arbeid en metode van ekonomiese historici.

In die historiografiese ontwikkeling van ekonomiese geskiedenis kan twee fases onderskei word. In die eerste fase, wat as die *tradisionele* ekonomiese geskiedenis bestempel kan word, is die ekonomiese geskiedenis volgens segmente behandel, byvoorbeeld landbou-, industriële-, handels- en arbeidsgeskiedenis. Hierdie segmente is sonder verband langs mekaar geplaas. Teorie het by hierdie opvatting van geskiedenis nouliks ter sprake gekom. Dié vorm van ekonomiese geskiedenis is tot ongeveer die Tweede Wêreldoorlog bedryf. Hierna het die ondersoek na ekonomiese geskiedenis snelle vooruitgang gemaak: nie alleen ten opsigte van teoretiese toepassing, nuwe metodes en tegnieke nie, maar veral op grond van 'n volkome wysiging van die probleemstelling. Volgens die nuwe opvatting word die ekonomie van die verlede as 'n samehangende geheel beskou, waarvan die dele of segmente mekaar onderling beïnvloed. Na hierdie nuwe benadering word as *integrale ekonomiese geskiedenis* verwys.

## 5. Tradisionele ekonomiese geskiedenis

Alhoewel ekonomiese geskiedenis sy ontstaan te danke het aan onder meer geestelikes, klerke, natuurwetenskaplikes, historici en ekonome wat veral van die sesdiende tot die

39. BH Slicher van Bath, *op. cit.*, pp.113 – 114.

40. JW Thompson and BJ Holm, *op. cit.*, p.410.

agtende eeu boeke geskryf het oor onderwerpe soos die geskiedenis van handel, seevaart, wolnywerheid, openbare finansies en spoorweë,<sup>41</sup> is dit as afsonderlike kennisgebied van 1843 af in Duitsland tot volle wasdom gebring deur die sogenaamde Duitse skool van ekonomiese geskiedenis. 'n Kombinasie van faktore was hiervoor verantwoordelik, naamlik die reaksie teen *Staatengeschichte*,<sup>42</sup> die spesifieke sosiaal-ekonomiese toestande in Duitsland in die neéntiende eeu<sup>43</sup> en historici en ekonome wat 'n nuwe ekonomiese geïdealiseer het wat moes bestaan uit "...the largest generalizations to which Economic History should itself arrive."<sup>44</sup>

Die grondlegger van ekonomiese geskiedenis in Duitsland, en die vader van die Duitse skool van ekonomiese geskiedenis, was Wilhelm Roscher (1817 – 1894), 'n historikus wat onder Von Ranke gestudeer het. Hy het hom ten doel gestel om geskiedenis en ekonomie te kombineer en hulle met wette te verbind. Met die verskyning van sy werk, getitel *Grundriss zu Vorlesungen über die Staatswirtschaft nach geschichtlicher Methode* in 1843 is ekonomiese geskiedenis as 'n afsonderlike kennisgebied ingelui: Sy *magnum opus* was egter sy vierdelige werk, *System der Volkswirtschaft*, wat tussen 1854 en 1886 verskyn het. Sy doel met laasgenoemde werk was om die basiese wette wat die ekonomiese lewe reguleer, vas te stel. Die metode deur middel waarvan hy hierdie wette van ontwikkeling wou ontdek, was die histories-psigologiese werkswyse: histories omdat hy histories materiaal gebruik het om die eietydse stand van ekonomie met die onmiddellike verlede te verbind; psigologies omdat hy die standpunt gehuldig het, dat elke nasie, soos 'n lewende organisme, besliste fases van ontwikkeling ondergaan.<sup>45</sup>

Roscher se voorbeeld is in Duitsland gevolg deur wetenskaplikes uit ander sosiale wetenskappe, soos die ekonomie en politieke wetenskap. Sy invloedrykste volgeling was Gustav Schmoller (1838 – 1917), 'n politieke wetenskaplike en mede-stigter van die Duitse skool van ekonomiese geskiedenis. Só groot was dié skool se invloed dat tussen 1900 en 1927 nie minder nie as 340 werke oor ekonomiese geskiedenis in Duits gepubliseer is.<sup>46</sup>

Alhoewel die metodes van die Duitse skool van ekonomiese geskiedenis skerp gekritiseer is deur ekonome en hulle pogings om aan ekonomie 'n nuwe vorm te gee, eventueel misluk het, het hulle baie bygedra tot die stimulering en ontwikkeling van ekonomiese geskiedskrywing as afsonderlike kennisgebied in ander Wes-Europese lande en selfs die VSA – in sommige gevalle as 'n regstreekse gevolg van die invloed van die Duitse ekonomiese historici, in ander gevalle in kombinasie met plaaslike faktore.<sup>47</sup>

Die Oostenrykse ekonomiese historikus, Karl Theodor von Inama-Sternegg (1843 – 1908) was die eerste om die ekwivalent van die begrip ekonomiese geskiedenis, naamlik "Wirtschaftsgeschichte", bekend te stel in 'n artikel getitel, *Ueber die Quellen der deutschen Wirtschaftsgeschichte*" wat in 1877 verskyn het. Twee jaar

41. NSB Gras, "The rise and development of economic history" 1927 – 1928, pp.12 – 34.

hi

42. A Marwick, *op. cit.*, p.60.

43. JW Thompson and BJ Holm, *op. cit.*, p.410.

44. W Ashley, "The place of economic history in university studies" in *The economic history review*, vol. 1, no. 1, January 1927, p.3.,

45. JW Thompson and BJ Holm, *op. cit.*, pp.413 – 416.

G Brodnitz, "Recent work in German Economic History", in *The economic history review*, vol. 1, no. 1, January 1927, pp.322 – 345.

JW Thompson and BJ Holm, *op. cit.*, p.419; W Ashley, "The place of economic history in university studies", in *The economic history review*, vol. 1, no. 1, January 1927, p.5.

928

later het die eerste deel van sy bekende handboek *Deutsche Wirtschaftsgeschichte* verskyn.<sup>48</sup> In die Angel-saksiese wêreld is in 1888 vir die eerste keer na ekonomiese geskiedenis verwys in die titel van die werk van W.J. Ashley: *An introduction to English economic history and theory*, vol. I. In die VSA het dié term vir die eerste keer in 1890 opgeduik met die verskyning van die tweedelige werk van W.B. Weeden, *Economic and social history of New England, 1620 – 1789*. In 1894 is dié begrip vir die eerste keer in Frankryk in 'n titel van 'n boek van R. Rosières, gebruik, terwyl dit in Nederland eers teen die begin van die twintigste eeu sy verskyning gemaak het.<sup>49</sup>

Van Bath maak 'n baie belangrike gevolgtrekking ten opsigte van die bogenoemde gebruik van ekwivalente vir die begrip ekonomiese geskiedenis. Hy wys daarop dat die gebruik van dié begrippe saamval met die samevoeging van die afsonderlike segmente van ekonomiese geskiedenis in betrokke werke oor ekonomiese geskiedenis. Dit verteenwoordig 'n hoër graad van tradisionele ekonomiese geskiedenis, maar dit is, soos hy dit stel "samenvouding in letterlike zin"; van integrasie van die segmente is daar nog nie sprake nie.<sup>50</sup>

Terwyl daar slegs enkele groot ekonomiese historici in Duitsland in die twintigste eeu geïdentifiseer kan word, soos Werner Sombart (1863 – 1941),<sup>51</sup> het ekonomiese geskiedenis in lande soos Engeland en die VSA gebloeい. Die grondleggers van die Engelse ekonomiese geskiedenis was persone soos J.E.T. Rogers (1825 – 1890) wat 'n sewedelige pionierswerk oor Engelse landbou, nl. *A History of Agriculture and Prices in England*, gelewer het; William Cunningham (1849 – 1919); W.J. Ashley (1860 – 1927), wat in 1892 as professor in ekonomiese geskiedenis aan die Universiteit van Harvard aangestel is — die eerste leerstoel in ekonomiese geskiedenis ter wêreld; George Unwin (1870 – 1835) vir wie Thompson bestempel as "...the most important British economic historian of the first quarter of the present century ...";<sup>52</sup> Edwin F. Gay (1867 – 1946), wat deur Gras beskryf is as die "...outstanding figure in economic history in America. His influence on younger economic historians has been without parallel in the United States";<sup>53</sup> en J.H. Clapham (1873 – 1946) wat deur Marwick beskou word as "...the giant among twentieth-century economic historians, certainly in Britain, perhaps in the whole English-speaking world ...".<sup>54</sup>

As gevolg van die invloed van hierdie pioniers het ekonomiese geskiedenis van krag tot krag gegaan. Alreeds teen 1900 is ekonomiese geskiedenis aan die meeste universiteite in die Engelssprekende wêreld gedoseer.<sup>55</sup> In die loop van die twintigste eeu het ekonomiese geskiedenis as afsonderlike dissiplines by die meeste Britse universiteite tot stand gekom. Tussen 1945 en 1970 het nie minder nie as 32 persone professore in ekonomiese geskiedenis aan Britse universiteite geword.<sup>56</sup> Die groot belangstelling in ekonomiese geskiedenis in Brittanje word bevestig deur die feit dat die *Economic History Society* teen 1970 'n ledetal van meer as 300 gehad het en die *Economic History Review* 'n sirkulasie van ongeveer 5 000.<sup>57</sup> Daarbenewens is ekonomiese

48. NSB Gras, *op. cit.*, p.20.

49. BH Slicher van Bath, *op. cit.*, pp.110 – 111.

50. *Ibid.*, p.111.

51. A Marwick, *op. cit.*, p.65.

52. JW Thompson and BJ Holm, *op. cit.*, pp.429 – 433.

53. NSB Gras, *op. cit.*, p.26.

54. A Marwick, *op. cit.*, p.65.

55. W Ashley, *op. cit.*, p.1.

56. DC Coleman, *op. cit.*, p.1.

57. NB Harte, *The making of economic history*, in NB Harte (ed) *The study of economic history* (London: Frank Cass, 1971), pp.xi – xxx.

geskiedenis as vak besonder gewild in Britse skole waar dit gedurende die afgelope drie dekades 'n bloeitydperk belewe.<sup>58</sup> Ekonomiese historici van die jonger generasie, soos T.S. Ashton, F.J. Fisher, W. Ashworth, A.J. Youngson, J.D. Chambers, M.W. Beresford, S.G.E. Lythe, Sidney Pollard, Ralph Davis, A.W. Coats, W.A. Cole en Peter Mathias, het die werk van hulle ouer kollegas aan Britse universiteite voortgesit en veel gedoen om ekonomiese geskiedenis in Brittanie verder uit te bou.<sup>59</sup>

Buite Duitsland, Engeland en die VSA het ekonomiese geskiedenis nie dieselfde hoogtes bereik nie. Die bekendste Franse ekonomiese historikus gedurende die laaste helfte van die neentiende eeu was Pierre Emile Levasseur (1828 – 1911).<sup>60</sup> Gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu het in Frankryk 'n groter belangstelling in ekonomiese geskiedenis ontwikkel, onder meer as gevolg van die hervorming van die stelsel van hoër onderwys wat geleei het tot die totstandkoming van provinsiale universiteite. Dit het historici by hierdie universiteite gestimuleer om hulle op plaaslike geskiedenis toe te lê wat uit die aard van die saak 'n sterk ekonomiese karakter het.<sup>61</sup> As gevolg hiervan en 'n hernude belangstelling in die Franse Revolusie, het ekonomiese historici soos Marc Bloch (1866 – 1944),<sup>62</sup> en George Lefebvre (1874 – 1959) wat 'n kwantitatiewe benadering tot geskiedenis met sy studies oor die Franse boerestand tydens die Revolusie gevolg het,<sup>63</sup> na vore getree. Hierdie ekonomiese historici word egter vandag, saam met historici soos Lucien Febvre (1878 – 1956), Francois Simiand (1873 – 1935), Fernand Braudel, C-Ernest Labrousse en ander, eerder beskou as sosiale historici, en behorende tot die Franse Annalesskool, ten opsigte waarvan hulle 'n belangrike rol speel om ekonomiese geskiedenis saam met sosiale geskiedenis op die voorgrond te plaas.<sup>64</sup>

Die afdeling kan egter nie afgesluit word sonder om te verwys na een van die grootste ekonomiese historici van Wes-Europa nie, naamlik die Belgiese historikus Henri Pirenne (1862 – 1935). Hy was 'n uitstaande historikus — soos Marwick dit stel: "...in every sense a *complete* historian ...".<sup>65</sup> Wetenskaplik was hy goed toegerus: daarvan getuig sy groot belangstelling in die Rankeaanse historiese metode. Maar hy was ook geïnteresseerd in die belangrike ekonomiese en kulturele kragte wat op sy land se geskiedenis ingewerk het. Gevolglik het sy ondersoeke onder meer gewentel om onderwerpe uit die ekonomiese geskiedenis: hy was die eerste historikus om op 'n deeglike en voortreflike wyse studies te onderneem oor die oorsprong van Middeleeuse stede, handel in die elfde en twaalfde eeu en om aan die hand van ekonomiese ontleding, 'n nuwe verklaring te gee t.o.v. die invloed van Arabiese oorheersing in die westelike Mediterreense gebied.<sup>66</sup>

Wat die geskiedwetenskap betref, het die beoefening van ekonomiese geskiedenis baie bygedra tot die verruiming en verryking van die historikus se arbeidsveld. Dit het nie geword wat die eksponente van die Duitse skool van ekonomiese geskiedenis daar-

- 
58. DC Coleman, *op. cit.*, pp.2 – 6.  
 59. Sien intreedes van genoemde persone, in NB Harte (ed.), *The study of economic history* (London: Frank Cass, 1971).  
 60. JW Thompson and BJ Holm, *op. cit.*, p.435.  
 61. W Ashley, *op. cit.*, p.5.  
 62. FC Lane and JC Riemersma (eds.), *Enterprise and Secular Change* (London: George Allen and Unwin Ltd., 1953), p.537.  
 63. A Marwick, *op. cit.*, pp.63 – 64.  
 64. FA van Jaarsveld, *Westerse Historiografie en Geskiedenisfilosofie* (Pretoria en Kaapstad: HAUM, 1980), pp.69 – 85.  
 65. A Marwick, *op. cit.*, p.62.  
 66. *Ibid.*

van verwag het nie, naamlik 'n ware ekonomiese wetenskap, maar deur middel van publikasies oor ekonomiese onderwerpe het dit nadruk geplaas op die belangrikheid van ekonomiese instellings en kragte in die algemene kulturele lewe "...warning the general historian against his tendency to confine himself to politics and diplomacy, and to ignore the wider implications of his work".<sup>67</sup>

## 6. Integrale ekonomiese geskiedenis: Die "New economic history"

Na die Tweede Wêreldoorlog het daar 'n vernuwing in die metodiek van ekonomiese geskiedenis ingetree. Die verandering was hoofsaaklik daarin geleë dat 'n jonger geslag ekonomiese historici wat hulle opleiding in ekonomie gehad het, aangedring het op die groter toepassing van teorie as 'n bron van generalisasie op ekonomiese geskiedenis en op die sistematiese gebruik van kwantitatiewe metodes om data te organiseer. Hierdie denkrikting en die toepassing daarvan, veral na 1950, het 'n besliste breuk met die tradisionele ekonomiese geskiedenis meegebring wat deur sommige skrywers as 'n revolusie in die metode van ekonomiese geskiedenis beskryf is.<sup>68</sup>

Drie ontwikkelinge het die nuwe oriëntasie teweeggebring. Die eerste is die toenemende belangstelling van ekonome in die bestudering van ekonomiese groei. Sedert die Tweede Wêreldoorlog het ekonome baie moeite gedoen om die oorsake van ekonomiese ontwikkeling te begryp en verklarings te gee vir die uiteenlopende patronen in ekonomiese groei tussen ontwikkelde lande van die Westerse wêreld en die van onderontwikkelde lande van die Derde Wêreld. Die studie van ekonomiese ontwikkeling het daartoe geleid dat ekonome belangrike elemente en determinante van ekonomiese groei geïsoleer het. 'n Tweede belangrike faktor was die toenemende belangstelling van ekonome daarin om hulle hipoteses meer presies te toets. Die ontwikkeling van operasionele hipoteses wat getoets kan word, is aktief deur ekonome in die praktyk toegepas en na probleme in ekonomiese geskiedenis uitgebrei. Dit behels die gesofistikeerde gebruik van statistiese tegnieke en metodes asook, vanselfsprekend, die aanwending van ekonomiese teorie. Die derde rede vir die verandering in die benadering in ekonomiese geskiedenis is die toename in die volume kwantitatiewe inligting oor die verlede. Dit het die ekonomiese historikus voorsien van empiriese data wat hy kan gebruik vir die sistematiese toetsing van sy proposisies. Dié drie ontwikkelings het gesamentlik bygedra tot 'n toenemende reoriëntasie in ekonomiese geskiedenis ten opsigte van die toepassing van wetenskaplike metodologie en die sistematiese gebruik van kwantitatiewe gegewens. Met hierdie tegnieke het die jonger geslag ekonomiese historici gehoop om tot 'n groter begrip van die verlede te kom as wat tot nog toe die geval met die tradisionele ekonomiese geskiedenis was.<sup>69</sup>

Die nuwe rigting in ekonomiese geskiedenis, wat bekend geword het as die "new economic history" of ekonometriese geskiedenis het veral vanaf die vyftigerjare sterk veld gewen in die VSA, waar Simon Kuznets die baanbreker was. Die werklike toepassing van die metodes van die *new economic history* het egter eers teen die einde van die vyftigerjare begin met die verskynning van artikels van John R. Meyer en Alfred H.

JW Thompson and BJ Holm, *op. cit.*, p.438.

DC North, "Quantitative research in American Economic History", in *American LIII*, 1963, p.128.

69. *International Encyclopedia of the Social Sciences*, Vol. 61 (New York: The Macmillan Company. The Free Press, 1968), pp.468 – 469.

Conrad<sup>70</sup> en wat hulle in 1964 opgevolg het met *The Economics of Slavery and other studies in Econometric History*.<sup>71</sup>

Die voorbeeld van Meyer en Conrad is deur talle ander ekonomiese historici gevog en werke is in die sestigerjare onderneem oor die invloed van die ontwikkeling van spoorweë en kanale, die winsgewendheid van slawerny, buitelandse handel, die skeping van 'n markekonomie terwyl verklarings vir verstedeliking gegee is.<sup>72</sup>

Een van die invloedrykste eksponente van die nuwe rigting in ekonomiese geskiedenis gedurende die sestigerjare was Robert William Fogel wat 'n uitstekende werk, *Railroads and American Economic Growth*, in 1964 die lig laat sien het.<sup>73</sup> Sy standpunt ten opsigte van die *new economic history* is 'n goeie illustrasie van die denkwyse van ekonomiese historici: "The new generation (of economic historians) has not turned away from the traditional theme of its discipline. The central interest of the new economic historians is still the description and explanation of economic growth ... The novel element in the work of the new economic historians is their approach to measurement and theory. Economic history has always had a quantitative orientation. But much of the past work on economic data was limited to the location and the simple classification of the numerical information contained in government and business records. While continuing this pursuit, the new economic history places its primary emphasis on reconstructing measurements which might have existed in the past but are no longer extant, on the recommendation of primary data in a manner which enables them to obtain measurements that were never before made, and on finding methods of measuring economic phenomena that cannot be measured directly. In performing these tasks, the new economic historians draw on virtually the whole gamut of the theoretical and statistical models of economics."<sup>74</sup>

In die metodologie van die *new economic history* kan drie aspekte onderskei word. Die eerste metode wat slegs 'n graadverskil in vergelyking met die metode van die tradisionele ekonomiese geskiedenis verteenwoordig, lê groot klem op die statistiese metode, 'n afkeur in letterkundige bronne word geopenbaar en daar is 'n groter presiesheid ten opsigte van definisie en kategorisasie. Kenmerkend van dié metode is ook die wyse waarop die materiaal behandel word: rekenaars en ander meganiese hulpmiddels word aangewend om data presies te verwerk, wat voorheen onmoontlik was. Dit is 'n groot verbetering op die metodiek wat deur die tradisionele ekonomiese historici aangewend is. Hulle het staat gemaak op nie-matematiese tegnieke wat noodwendig daartoe gelei het dat sekere sleutel-elemente in die berekenings weggelaat is, en dat vae definisies aan die orde was.

'n Tweede metode van die *new economic history* is indirekte meting wat 'n radikale uitbreiding is van metodes wat deur tradisionele ekonomiese historici aangewend is om byvoorbeeld uit een ekonomiese aktiwiteit 'n ander af te lei. Terwyl die tradisionele indirekte kwantifikasie in die meeste gevalle gebaseer was op elementêre prysteorie; en op eenvoudige oorsaak en gevolg- en vraag en aanbod-fluktuasies, gebruik die *new economic history* al die moderne ekonomiese teoretiese en statistiese modelle om

70. Jean Marczewski, "Quantitative History", in *The Journal of Contemporary History*, vol. 3, no. 2 April 1968, pp.179 – 181.
71. Chicago: Aldine Publishing Company, 1964.
72. RW Fogel, "The reunification of economic history with economic theory", in *The American economic review*, vol. LV, May 1965, no. 2; Papers and Proceedings, p.92.
73. DC North: "The state of economic history", in *The American economic review*, Vol. L.V. no. 2 May, 1965: Papers and proceedings, p.86.
74. RW Fogel, *op. cit.*, p.92.

byvoorbeeld lewenstandaarde, die uitbreiding van die geldeconomie en industriële groei te meet.

Die derde – terselfdertyd die kenmerkendste en mees omstrede – metode is die sogenaamde teenfeitelike voorwaardelike konsep (“counterfactual conditional concept”). Dit kom daarop neer dat begin word met die premise dat die betekenis van dit wat gebeur het, slegs verstaan kan word indien dit gekontrasteer word met dit wat kon gebeur het en dat dan voortgegaan word om te kwantifiseer wat kon gebeur het. Die beste voorbeeld van die suksesvolle toepassing van hierdie konsep is die genoemde werk van Fogel waarin hy die lank aanvaarde teorie, naamlik dat spoorweë 'n dominante rol in die ekonomiese ontwikkeling van Amerika gespeel het, verwerp het. Met die oog op die toepassing van die konsep het hy 'n model vir die Amerikaanse ekonomie ontwerp soos dit die geval sonder spoorweë sou gewees het. Sy bevinding was dat volgens sy model die Amerikaanse bruto nasionale produk in 1890 slegs 6,3 persent laer sou gewees het as wat dit in werklikheid was, d.w.s. die teenwoordigheid van spoorweë het nie so 'n prominente rol gespeel as wat algemeen geglo is nie.<sup>75</sup>

Dit spreek vanself dat vir die integrale ekonomiese geskiedenis 'n goeie kennis van teorie nodig is – iets waarin die moderne ekonomiese historikus in die algemeen waarskynlik beter geskool is as die tradisionele ekonomiese historikus of die algemene historikus. Kennis van generalisasie, kwantifikasie en die vergelykende metode as hulpmiddelle om die realiteit met behulp van teorie te verklaar, is 'n vereiste omdat in die ekonomiese geskiedskrywing verskynsels bestudeer word wat hulleself in ongeveer gelyke vorm verskillende kere voordoen. Die rede hiervoor is dat in ekonomiese gebeurtenisse 'n sekere reëlmaat soos konjunkturele golf- of siklusbewegings en groot strukture opgemerk word.

Die gewone historikus gebruik in die normale beoefening van sy wetenskap ook teorieë en hipoteses, maar hy doen dit meestal implisiet. Sy metode is om sy feite te versamel, en dan op grond daarvan tot 'n probleemstelling en 'n generalisasie te kom. Die moderne ekonometriese historici sal die omgekeerde weg volg deur eers 'n teoriegebaseerde hipotese te formuleer en dit dan aan historiese feite te toets.<sup>76</sup>

Dit kan nie ontken word nie dat die tradisionele ekonomiese en algemene historici nie tred gehou het met teorie-aanwending in ekonomiese geskiedenis nie. Dit het hulle die gramskap van ekonometriese historici op die hals gehaal. Hulle is ook daarvan beskuldig dat hulle tegnieke te onbeholpe is om die moderne ekonomiese geskiedenis te bestudeer. Beswaar is ook gemaak teen tradisionele historici se behandeling van die ekonomiese geskiedenis in segmente, terwyl eerder 'n integrale behandeling van die materiaal vereis word. Hulle is geblameer vir die feit dat hulle in te veel detail geïnteresseerd is, in die dokument “verdrink” en aldus toelaat dat hoofstrominge in die ekonomiese geskiedenis by hulle verbygaan. Hulle indeling van ekonomiese geskiedenis volgens politieke gebeurtenisse, is bevraagteken en hulle is verkwalik vir die gebruik van kontroversiële taal soos “groot”, “belangrik”, “gering”, “verteenvoerdigend”,

---

EH Hunt, "The new economic history: Professor Fogel's study of American Railways . in *History*, vol. LIII, 1968, pp.4 – 7 Vgl. ook RL Andreeans (ed.), *The new economic history* (New York, etc.: John Wiley & Sons, Inc., 1970), pp.75 – 78.

BH Slicher van Bath, *op. cit.*, pp.122, 126 – 127, 130 en 143.

“groei” en “agteruitgang”, wat wel kwantitatiewe aanduidings is, maar in elke geval eksaktheid kortkom.<sup>77</sup>

Die ekonometriese historici se metodes is aan die ander kant ook sterk gekritiseer. Daar is gewaarsku dat kwantifikasie beslis nie oplossings vir al die vraagstukke in ekonomiese geskiedenis bied nie. Daarvoor bestaan daar té veel nie-ekononomiese verklarings, d.w.s. kwalitatiewe data, vir ekonomiese verandering. Die aantal veranderlikes, soos onder meer aangedui deur Jean Marczewski,<sup>78</sup> is bowendien talryk, terwyl baie verskynsels nie in getalle uitgedruk kan word nie. By ekonomiese wette, waar die tydsdimensie geen rol speel nie, word van die standpunt uitgegaan dat indien net een of enkele faktore verander, die res konstant bly. Word die tydsdimensie egter ingevoer, sal die toename in tydsduur 'n aanmerklike vermeerdering in die getal veranderlikes meebring. Daar bestaan ook twyfel oor die mate waartoe die metode van die ekonometriese historici op die verre verlede toegepas kan word, veral as in aanmerking geneem word hoe vaag grense tussen lande in die verlede was en hoe drasties die ekonomiese behoeftes van volkere in die loop van tyd verander het.<sup>79</sup>

Ekonometriese historici is ook daarvan beskuldig dat veral wat die toepassing van die teenfeitelike voorwaardelike konsep betref, hulle hul met kwasi-geskiedenis besig hou en dat dit eerder wetenskapsfiksie as geskiedenis is.<sup>80</sup> Hulle probeer ook om groot ekonomiese vraagstukke met te min historiese kennis op te los en hulle kom te maklik tot veralgemenings.<sup>81</sup>

Die oplossing van al hierdie onvrede lê waarskynlik in aanpassings ten opsigte van metode deur alle beoefenaars van ekonomiese geskiedenis. Die aanwending van tegnieke van die ekonomiese wetenskap ten opsigte van historiese vraagstukke kan vanselfsprekend nogeue vrugte afwerp om tot 'n wetenskaplike verklaring van die ekonomiese verlede te kom. Aan die ander kant kan ook nie van historici verwag word om almal ekonometrici te word<sup>82</sup> en aldus hulle eie metodes prys te gee of ingrypend te verander nie. Ekonometriese historici sal tot die besef moet kom dat hulle nie oor die monopolie t.o.v. die terrein van ekonomiese geskiedenis beskik nie. Dit bly in die laaste instansie deel van die totaliteit van geskiedenis wat vereis dat ook van kwalitatiewe geskiedenis gebruik gemaak moet word. “Failure to this would yield no more than a mass of numerical data and series of explanatory sketches which, though coherent in themselves, serve little purpose because they lack the explanatory link with the true origin of all history: the appearance of new ideas and facts. There can therefore be no opposition, nor even competition, between quantitative and qualitative history. They

W Sombart, “Economic theory and economic history, in *The economic history review*, II, 1929–1930, pp.1–19; TLM Thurlings, *op. cit.*, pp.23–42; F Redlich, “Recent developments in German economic history”, in *The journal of economic history*, XVIII, 1958, pp.516–530; DC North, “The state of economic history”, in *The American economic review*, LV, May 1965, no. 2: Papers and Proceedings, p.87; WO Aydelotte, “Quantification in history”, in *The American historical review*, LXXI, 1963, p.804; Jean Marczewski, “Quantitative History”, in *The Journal of Contemporary History*, III, 1968, pp.188–190; L Davis, “Professor Fogel and the New Economic History”, in *The economic history review*, 2nd series, XIX, no. 3, 1966, pp.659–662; Fritz Stern (ed.), *The Varieties of History: From Voltaire to the Present* (New York etc.: Macmillan, second edition, 1970), pp.309–312.

78. BH Slicher van Bath, *op. cit.*, p.128.

79. DC North, “The state of economic history”, in *The American economic review*, vol. LV, no. 2, May 1965, pp.90–91; EF Heckscher, *op. cit.*, pp.529–530; BH Slicher van Bath, *op. cit.*, pp.130–131; EH Hunt, *op. cit.*, pp.10–18.

80. EH Hunt, *op. cit.*, pp.6–7.

81. BH Slicher van Bath, *op. cit.*, pp.124–125.

82. A Marwick, *op. cit.*, pp.116–118.

represent nothing more than two distinct but complementary approaches, both equally indispensable to historical research.”<sup>83</sup>

## 8. Besluit

Die vraag ten slotte is: wat is die stand van ekonomiese geskiedenis in Suid-Afrika?

As die werke oor ekonomiese geskiedenis in Suid-Afrika tot die jongste verlede in aanmerking geneem word,<sup>84</sup> blyk dit dat ekonomiese geskiedskrywing in Suid-Afrika nog op 'n relatief laevlak van ontwikkeling verkeer. 'n Paar redes kan hiervoor aangevoer word. Eerstens word Afrikaanse geskiedskrywing in Suid-Afrika nog steeds hoofsaaklik onderneem in die gees van die Rankeaanse geskiedmodel, d.w.s. die hermeneutiese verstaanmetode wat gerig is op gebeurtenisgeskiedenis waarin politieke aspekte beklemtoon word en ekonomiese geskiedenis afgeskeep word.<sup>85</sup>

Tweedens leen die ekonomiese geskiedenis hom in 'n belangrike mate tot verklaring, wat metodologie gesproke die primêre oogmerk van die ekonomiese historikus is, maar wat normaalweg nie deel van die algemene historikus se metodologiese apparatuur is nie as gevolg van die spesifieke aard van sy geskiedskrywing, gebrek aan kennis van ekonomiese teorie<sup>87</sup> en die feit dat van buitelandse strominge in die geskiedenis nie voldoende kennis geneem is nie.<sup>88</sup>

Die bydrae wat Suid-Afrikaanse historici tot ekonomiese geskiedenis gelewer het, was beperk tot segmentele behandeling van hoofsaaklik landboukundige aspekte. Wat die vorm daarvan betref, was dit beskrywend van aard met bitter min kwantifiserende verklarings.<sup>89</sup> Dit beteken, na analogie van die ontwikkeling van ekonomiese geskiedenis in die Westerse wêreld, dat ekonomiese geskiedenis soos bedryf deur historici in Suid-Afrika, nog op sy *laagste* trap van ontwikkeling staan. Geen poging is eers aangewend om die ekonomiese geskiedenis, d.w.s. ten opsigte van alle ekonomiese aspekte, van 'n bepaalde tydvak of gebied in Suid-Afrika te beskryf nie.

Vanselfsprekend is daar ook tot nog toe van 'n integrale ekonomiese geskiedenis geen sprake nie. Van die ouer geslag Engelstalige historici was daar, wat die vorm van ekonomiese geskiedenis betref, hier en daar analitiese studies wat 'n belangrike bydrae lewer tot die ekonomiese geskiedenis van Suid-Afrika, alhoewel dié studies eerder as sosiale geskiedenis gereken kan word.<sup>90</sup> Van die jonger geslag Afrikaanstalige historici

83. Jean Marczewski, *op. cit.*, pp.190 – 191.

84. DJ van Zyl, *The contribution of South African historians to the economic history of South Africa: a historiographical survey* (paper prepared for the Economic History Conference, held in Durban, 22 – 25 July, 1980).

FA van Jaarsveld, *Geskiedkundige Verkenning* (Pretoria: J.L. van Schaik (Edms.) Bpk., 1974), p.104.

86. International Encyclopedia of the Social Sciences, *op. cit.*, p.469.

87. DJ van Zyl, *op. cit.*

88. FA van Jaarsveld, *Die Afrikaners se Groot Trek na die Stede en ander opstelle* (Johannesburg en Kaapstad: Perskor, 1982), pp.289 – 290.

DJ van Zyl, *op. cit.*

WM Macmillan: *Complex South Africa: An economic foot-note to history* (London: Faber & Faber Limited, 1930); CW de Kiewiet: *A History of South Africa, Social and Economic* (London: Oxford University Press, 1972).

was daar 'n groter bewuswording van die aanwending van kwantifikasie as verklarende metode sowel as strukturele analise van ekonomiese aspekte.<sup>91</sup>

Van die ouer geslag ekonome het belangrike bydraes tot die segmentele behandeling van die ekonomiese geskiedenis van Suid-Afrika gelewer,<sup>92</sup> alhoewel daar ook wat hulle betref, geen poging aangewend is om 'n integrale ekonomiese geskiedenis van Suid-Afrika te skryf nie.<sup>93</sup> Dit is maar in die jongste verlede dat sommige Suid-Afrikaanse ekonome, teorie soos ekonomiese modelle, aanwend ter verklaring van aspekte van die ekonomiese verlede.<sup>94</sup>

Ekonomiese geskiedenis as afsonderlike kennisgebied voer 'n sukkelbestaan in Suid-Afrika. Die enigste werklike selfstandige en aktiewe departement Ekonomiese Geskiedenis aan 'n universiteit in Suid-Afrika het in 1980 aan die Universiteit van Kaapstad onder leiding van professor Marcelle Kooy tot stand gekom.

Die eerste internasionale ekonomiese geskiedeniskonferensie is in dieselfde jaar in Durban gehou waaraan tientalle buitelandse en plaaslike historici, ekonome en ekonomiese historici deelgeneem het. Dit het uitgeloop op die stigting van die eerste ekonomiese vereniging van suidelike Afrika met dr. A.B. Lumby as president. Hierdie vereniging beloof om 'n belangrike stimulus te wees vir ekonomiese geskiedskrywing in Suid-Afrika en om miskien historici en ekonome, wat betrek hul gemeenskaplike veld, hier te lande nader aan mekaar te bring.

Prof. F.A. van Jaarsveld sê tereg in een van sy jongste publikasies dat die hermeneuties-individueliserende verstaansmetode net nie meer voldoende is om die moderne, geïndustrialiseerde samelewings te begryp nie, maar dat daarvoor ook die analities-verklarende metode aangewend moet word.<sup>95</sup> Sy uitspraak is veral vir die ekonomiese geskiedenis van Suid-Afrika van belang op welke terrein nog 'n groot taak vir die historikus, ekonom en ekonomiese historikus wag. Behalwe nuwe take wat onderneem moet word, sal die meeste bestaande ekonomiese geskiedeniswerke oorgeskryf moet word aan die hand van 'n metodologiese kombinasie van verstaan en verklaar.

---

Vgl. bv. DJ van Zyl, *Kaapse Wyn en Brandewyn, 1795 – 1860* (Kaapstad en Pretoria: HAUM, 1974); JL Hattingh, "n Ontleding van sekere aspekte van slawerny aan die Kaap in die sewentiende eeu", in *Kronos*, vol. 1, 1979, pp.34 – 78; ELP Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad*, Kaapstad en Pretoria: HAUM, 1978); GC de Wet, *Die vry bevolking in die Kaapse Nedersetting* (ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch), 1978.

MH de Kock, *Selected subjects in the Economic History of South Africa* (Cape Town and Johannesburg: Juta & Co., Ltd., 1924); DM Goodfellow, *A modern economic history of South Africa* (London: George Routledge & Sons, Ltd., 1931); CGW Schumann, *Structural Changes and Business Cycles in South Africa, 1806 – 1936* (London: P.S. King & Son, Ltd., 1938).

Vgl. die kritiek van E Kahn op die werk van MH de Kock in ergenoemde se artikel, getitel "The Study of Economic History in South Africa and the concept of Frontier Spirit", in *The South African Journal of Economics*, March 1942, vol. 10(1), p.37.

Vgl. die volgende referate gelewer tydens die *Economic History Conference* te Durban, 22 – 25 Julie 1980, t.w. Jill Nattrass, "Changing patterns of industrialisation in South Africa: 1919 – 1976"; WN Meyer, "The role of export trade in South Africa's economic development since achieving Republican status in 1961"; en AL Müller, "The impact of Slavery on the Economic Development of South Africa", gepubliseer in *Kronos*, vol. 5, 1982, pp.1 – 24.

FA van Jaarsveld, "Objek en metode in die wetenskap van die geskiedenis, 1825 – 1980" in *Historia*, jaargang 27, Mei 1982, pp.14 en 46.